

9 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 1:8

Julle is die preek

Elke preek behoort mense na God toe te trek. Elke preek behoort te vertel van die groot verlossingsdade wat God gedoen het in Jesus Christus; van hoe goed dit is om aan Hom te behoort en hoe kragtig die Heilige Gees werk in hulle wat aan Hom behoort.

Dit is vir Paulus 'n groot vreugde om aan die Tessalonisense te vertel dat hulle soos 'n goeie preek is wat deur die omgewing en veel verder as die omgewing trek. Hulle leef so dat mense nie daarvoor kan stilbly nie. Hulle word 'n preek met voete.

Hoe gebeur dit dat iemand 'n preek word? Die Tessalonisense het nie maar net die Woord gehoor soos wat baie mense dit hoor nie: by die een oor in en by die ander oor uit. Nee, by hulle het die Woord vasgesteek, want dit het met die krag van die Heilige Gees gekom en die mense van binne af verander. Die verandering wat binne gebeur het, word aan die buitekant gesien: Hulle draai weg van hulle afgode en kom nader aan God.

Die Tessalonisense het die voorreg van gelowig wees beleef. Hulle het die voorreg beleef om vir elkeen wat hulle sien, 'n preek te wees. Dit is ook ons voorreg. Ons elkeen word as n preek in ons omgewing uitgestuur. Wat doen die mense as hulle na die preek van jou lewe luister? Is jy n goeie preek wat aan die mense vertel: "Hoe geseënd is dit om aan Jesus te behoort", of is jy dalk 'n swak preek wat sê: "As dit 'n Christen is ... wil ek nie een wees nie"?

Daar is dalk iemand wat die Here vandag op jou pad stuur. Daardie persoon gaan die preek van jou lewe hoor. Dit sal so goed wees as jou lewe die kruis en opstanding van Jesus preek, op so 'n manier dat dit daardie persoon na Jesus toe aanlok. Kom, maak dit jou gebed vir vandag.

Sing: Psalm 33:5 (Totius); Psalm 33:3 (TT Cloete)

Ds D van 't Zand (Witpoortjie)